Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

13 Maart 2017

NUUSBRIEF 10

Geagte Ouers

GRAAD R OPEDAG

Dit is met groot trots en ongelooflike dankbaarheid dat
ons kan terugkyk na 'n reuse sukses. Die navrae van belangstellendes was ongelooflik.

Huidige Villieria-ouers moet asb dringend kennis neem dat inskrywingsvorms reeds Saterdag uigedeel is en vanaf Woensdag, 22 Maart 2017 ingehandig mag word. Skryf betyds in – **'n Graad R leerder word nie outomaties aanvaar a.g.v. 'n huidige boetie/sussie in die skool nie.**

GRAAD 1 INSKRYWINGS VIR 2018

Ouers sal op hoogte gehou word aangaande die inskrywingsproses vir volgende jaar se Graad 1 leerders. Geen inskrywingsvorm is tans by die skoolkantoor of "online" beskikbaar nie.

SAKKEPROJEK

'n Groot woord van dank steeds aan alle Villieria-ouers wat ons projek so mooi ondersteun. Die afgelope Vrydag is 'n omvattende uitdeelpoging van stapel gestuur**. Enige ouer wat voor of op Vrydag, 3 Maart 2017 sakke bestel het en nog nie ontvang het nie, sal eerskomende Dinsdag, 14 Maart 2017 hulle sakke kan kom afhaal vanaf 07:00 tot 13:00.**

RUGBY

Die O/9C, O/10C, O/11B en O/13D speel Woensdag, 15 Maart 2017 wedstryde by Laerskool Villieria. Spelers sal programme ontvang.

Rugbyoefentye

DAG	SPAN	TYE
Maandag	O/9 & O/10	15:00 – 16:00
	O/11 & O/13	16:00 – 17:00
Dinsdag	O/9 & O/10	14:00 – 15:30
	O/11 & O/13	15:00 – 17:00
Donderdag	O/9 & O/10	14:00 – 15:30
	O/11 & O/13	15:00 – 17:00

FOTO'S

Onthou asseblief dat alle fotogeld op Donderdag, 16 Maart 2017 by Mnr Malan inbetaal moet wees. **Plaas asseblief die korrekte bedrag in die koevert.**
Die atletiekfoto is beskikbaar en kan in Me Reid se klas bestel word teen R35- elk. Hierdie bestelling moet ook nie later as Donderdag, 16 Maart 2017 bestel en betaal wees nie.

STEMOPNAMES VIR REVUE

Die Seniorstemopnamegroep sal hierdie week nie op Dinsdag oefen nie, maar sal wel weer op Donderdag oefen. Die Juniorgroep se oefening gaan normaal voort.

EISTEDDFOD

Daar sal geen Eisteddfod-oefening vir die Graad 6 en 7 leerders op Woensdag, 15 Maart 2017 wees nie.

NETBAL

Vriendskaplike netbalwedstryde vir O/10 tot O/13-spanne vind op Donderdag, 16 Maart 2017 by Laerskool Die Poort plaas. Dogters sal Dinsdag die program ontvang.

RONNIEDAG

Bring asseblief weer op Woensdag, 15 Maart 2017 u afvalpapier na ons Ronnieprojek. Indien moontlik sal ons dit waardeer as u alle witpapier apart kan bring.

PENNESAKKIE- EN KOMBERSPROJEK

Met dank aan ouers wat jaarliks inskakel by ons enkele uitreikaksies. Nuutste inligting aangaande die projek is dat ons verkieslik eerder kombersies saam met die gebruikte skryfbehoeftes sal skenk. Alle skenkings moet teen 23 Junie 2017 by Me Otten afgelewer wees.

SKOOLVAKANSIEDAG

Neem kennis dat Maandag, 20 Maart 2017 wel 'n skoolvakansiedag is. Dinsdag, 21 Maart 2017 is 'n openbare vakansiedag, Menseregtedag, en vorm deel van die langnaweek.

Groete

_____
D P HAASBROEK
HOOF